

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Sondag 34b

Eerste Gebod - B

Dr AH Bogaards

Lees: Joh.17

Teks: Ex.20:1-3

H.K.: Sondag 34b

Psalms: Ps 96:1-3; 25:1; 115:1-2; 115:3,6; 115:7-9

1. Inleiding.

Die menslike verstand, het iemand gesê, is 'n fabriek van afgode. Ons is voortdurend besig om iets of iemand anders te soek waarop ons naas of in die plek van God ons vertrouwe stel of waarin ons geluk en rus en vrede soek.

Dit is 'n gevaar wat elkeen van ons bedreig. Johannes waarsku ons in sy eerste brief: "My kinders, bewaar julleself van die afgode." (5:21) Dit is daarom werklik aktueel dat ons sal oordink wat afgodediens is en wat God in die eerste gebod van ons eis.

In ons teks en Sondag 34 sien ons drie dinge:

1. God bewys Hom as die enigste God;
2. God eis lojaliteit aan Hom alleen; en
3. God verbied vertrouwe op die afgode.

2.1. God bewys Hom as die enigste God.

Die eerste gebod leer: geen gode behalwe die HERE nie!

- Hierdie gebod moet u steeds teen die agtergrond van die beginwoorde van die Wet lees: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het ". Dié woorde werp besondere lig oor die eerste gebod. Want daarmee sê die HERE aan sy Ou Testamentiese Kerk: ***EK*** het jou verlos, ***EK*** alleen en geen ander god nie.

In Egipteland het Israel gesug in slawerny. Weliswaar het hulle in hulle ellende, onder die pynlike omstandighede waarin hulle verkeer het, tot God geroep om hulp. So staan dit in die boek Exodus. Maar helaas was die HERE nie vir hulle die enigste nie. Want Israel het daar in die smeltoond van Egipte ook nog ander gode naas die enige ware God gehad (Jos 24:14, Eseg 20:8). Hulle het dus nog ander gode gehad op wie hulle vertrou het om hulle te verlos en om hulle gelukkig te maak.

Boonop het die Egiptenare, soos al die heidene, 'n mag der menigte afgode gehad. Die geestelike atmosfeer waarin Israel moes asemhaal, was dus besoedel van die afgode. Israel het daagliks met die afgodediens en afgodstempels te make gekry en so maklik kon hulle begin dink en het hulle ook begin dink dat die afgode iets is en wel kan help.

Maar nie net daar nie, ook in die land waarheen hulle op pad was, Kanaän, het dit gewemel van die afgode. Die verleiding was daarom groot.

1. Om sy kerk te wapen teen die afgodediens, vestig die HERE nou, hier aan die begin van die Wet, hulle aandag op die verlossing uit Egipte. Want daar het die HERE *eerstens* aan hulle bewys dat *net Hy red* en nie een van hulle baie afgode nie: EK, EK het julle uitgelei, EK en geen ander god nie. EK alleen het dit gedoen.
2. *Tweedens* het die HERE in die tien plae getoon dat daardie *ander gode nikswerd* is nie. Hulle is nie bestand teen sy oormag en almag nie.

Want met die **EERSTE PLAAG** - water in bloed verander - tref die HERE die Egiptenare juis in hulle belangrikste god, die Nyl. Aan die Nyl het die Egiptenare immers kinders geoffer, ook die kindertjies van die Israeliete.

En ook die laaste, die **TIENDE PLAAG**, was in in die oë van die inwoners van Egipte 'n verpletterende nederlaag vir hulle afgode. Want omtrent middernag het die verderfsengel van God deur Egipte getrek en het al die eersgeborenes van die Egiptenare gedood. Dat hierdie plaag juis middernag plaasgevind het, het vir die Egiptenaars besondere betekenis gehad. Want volgens die Egiptiese godeverhale bind die songod Re elke nag die stryd aan teen die slang Apophis, dit is die nagtelike duisternis wat onheil en dood simboliseer. As seun van die songod was Farao direk met hierdie stryd gemoeid. Die volgende dag verskyn Re, die opkomende son, dan, aldus die Egiptenare, as oorwinnaar van die duistere magte. MAAR met die tiende plaag moes die Egiptenare egter ervaar dat hulle songod magteloos was om hulle teen die HERE te beskerm. Want die volgende dag het ook

Farao, die seun van die songod, se seun dood gelê. Daarmee het die HERE aan Israel bewys dat hulle god veel magtiger is as die van die Egiptenare. Dien daarom geen ander gode nie, o Israel!

En nou die kerk van die Nuwe Testament. Ook ons het 'n slawehuis en 'n Farao waarvan ons verlos is: dit is die dienshuis van die sonde en daarin heers die duiwel as tiran. Die sonde slaan die menselewe stukkend. Dit bederf *eerstens* ons verhouding met God en bring sy toorn oor ons. *Tweedens* breek die sonde menseverhoudings aan skerwe. Kyk maar rondom u, dan sien u mense in die slawehuis. Want oral is daar haat en twis en onenigheid en jaloesie en kwaadsprekery. *Dit* is die boeie van die duiwel.

En hoe hard ons ook al probeer, uit daardie knellende slawebande kan ons nie loskom nie. Die sonde is vir ons veels en veels te sterk. Alleen God kan ons verlos. En Hy het dit ook gedoen: Hy het sy Seun gestuur en Hy het ons op Golgota verlos van die mag van die duiwel en die sonde en die dood. Net Hy lei uit die slawehuis. Hy is die enigste wat ons kan red en waarlik gelukkig kan maak. Net Hy maak hierdie lewe weer mooi en vreugdevol en nie ons geld of ons sport of ons slim planne of wat ook al nie. Net Hy is die oplossing van alle menslike nood op alle terreine.

En

2.2. Hy eis van ons lojaliteit aan Hom alleen.

Dit was tipies van verbonde buite die Bybel: dat 'n grootkoning, wat 'n verbond met 'n kleinkoning gesluit het, van daardie kleinkoning absolute trou aan hom alleen geëis het. Dit was die vernaamste eis van die verbond. Verbondsluitings met ander konings was heeltemal taboe. Die grootkoning het honderd persent lojaliteit geëis. Dit was hy en hy alleen.

Dieselfde kry ons in Ex.20. Israel moet weet: hierdie verbond met die HERE sluit alle ander verbonde uit. Hy is die enigste God.

Juis daarom het die HERE ook verdrae met ander magte in die wêreld verbied. Israel mag nie op Assirië of Egipte of wie ook al steun nie. Dit sou 'n belediging vir die HERE wees met wie hulle in 'n verbond gestaan het. Temeer was dit verbode omdat, na die gewoonte van daardie tyd, 'n verbondsluiting ingehou het dat jy ook die afgode van die ander moet erken. TOG het Israel helaas wel sulke verbonde gesluit om politieke redes. Ag, hulle wou wel nog die HERE dien, maar hulle het gevoel dat hulle daardie volke nodig gehad

het om hulle te beskerm. In hierdie verbondssluitings het dus na vore gekom 'n skreiende gebrek aan vertroue in hulle almagtige Verlosser en dat die HERE hulle enigste Redder is.

Ook ons belydenis beklemtoon die absolute vertroue op God en die lojaliteit aan Hom alleen besonder skerp. Want hoor maar hoe ons Heidelbergse dit sê: die HERE is die *enigste*, ware God; ek moet Hom *alleen* vertrou; ek moet my *slegs* aan Hom onderwerp; ek moet van Hom *alleen* alle goeie dinge verwag; en ek moet Hom my *hele* hart gee. Dit is Hy en Hy alleen. Hy is die enigste. Hy eis ons geheel en al op en duld dit nie dat ons Hom dien met 'n verdeelde hart nie.

1. Die Kategismus sê *eerstens*: ek moet die enige ware God reg leer *ken*. **KENNIS** is noodsaaklik. Want ook hier geld die spreekwoord: onbekend maak onbeminde. En is dit nie juis 'n groot probleem onder kerkmense in ons tyd nie? 'n Skreiende gebrek aan kennis? Dit is noodsaaklik dat ons kennis van God sal hê. Want in die Heilige Skrif leer ons die Here ken in die aangesig van ons Here Jesus Christus. In die Bybel hoor ons Wie en Wat God vir ons is en wat Hy vir ons gedoen het. Wie die Woord ken, kan nie anders nie as om onder die indruk van die grootheid en die goedheid van God te kom nie en dat net Hy ons kan gelukkig maak nie.

Maar dit gaan nie sommer om enige kennis nie. Daar is baie godsdienstige groepe wat beweer dat hulle God ken, maar tog ken hulle Hom nie. Dit gaan om 'n "*reg*" ken. Ons moet Hom ken as ons enigste Verlosser en dat net Hy ons kan red en nie ook nog ons goeie werke daarby moet kom soos die sektes leer nie.

2. -En dit bring ons al by die *tweede*: dat ons op God alleen moet **VERTROU** om ons te verlos en gelukkig te maak. Want dit is geloof: om met die ganse gewig van jou lewe op Hom alleen te steun, om te weet dat net Hy jou sondeskuld kan betaal en dat net Hy jou verhouding met jou man en kind en ander mense mooi kan maak, ja, dat net Hy jou kan verlos van die sondemag wat alles bederf.
3. *Derdens* moet ons ons in alle nederigheid en geduld aan Hom alleen *onderwerp*. Ons moet maar klein word voor Hom en besef dat Hy veel beter as ons weet wat goed is vir ons. En as ons weet wat 'n almagtige en alwyse en goeie God ons het, sal dit ons geduldig maak wanneer daar allerlei beproewinge oor ons kom. Want dan weet ons: die HERE sal wel sy wyse bedoelinge daarmee hê, al begryp ek nie alles ten volle nie.

4. Voorts moet ons *alles wat goed is van Hom alleen verwag*. Hy alleen kan my gee wat ek nodig het vir my **GEESTELIKE** lewe: Hy gee geloof en liefde en volharding. En dié wete moet ons klein en afhandlik maak. Ons kan nie uit onself begin glo nie en ons kan nie aan ander geloof gee nie, ook nie aan ons kinders nie. Net God kan. Daarom moet ek voortdurend by Hom pleit daarvoor. Hy versorg ons ook na die **LIGGAAM**. Dit beteken: ook my geld, my kos, my werksgeleentheid, my sukses in die eksamen, ens. kom van Hom af. Ek het dit nie te danke aan my breinkrag of my vernuf of inspanning nie.
5. In die vyfde plek, sê ons Heidelbergse, moet ons Hom *met ons hele hart liefhê, eer en vrees*. Hy eis ons hele hart en al ons liefde. Ons kan nie God en Mammon dien nie. Die HERE wil die eerste en die enigste in ons lewe wees.

Ons kom by die laaste:

2.3. die HERE eis van ons dislojaliteit t.o.v. die afgode.

Maar wat is afgode? Dit is om in die plek van of langs die enigste en ware God iets te hê waarop ek my vertrou stel. Of anders gestel: dit is om in iets of iemand anders jou geluk en voorspoed en verlossing te soek.

Wat Kohlbrugge in die verband sê, is besonder treffend. Want hy betrek die eerste gebod voluit op Christus. Hoor maar wat sê hy: **afgode is alles wat nie Jesus (!) is nie**, wat dus nie rus of vrede of vreugde aan ons arme siele kan gee nie...alles wat nie Jesus is nie, wat dus nie vir die ewigheid kan behou nie, is hout en klip en niks meer nie; dit ken ook geen meegevoel of barmhartigheid nie, maar is koud en hart soos klip en steen. Laat ek probeer om Kohlbrugge se woorde eenvoudiger aan u te vertaal:

- As ons buite die Seun van God om geluk en ewige geluk soek, is ons besig met afgodery. As ons bv., naas Christus, ook op ons goeie werke vertrou om salig te word en nie heeltemal op Jesus alleen nie, is ons besig met afgodery. Dan word ons eie krag en vermoë en vroomheid afgode waarop ons steun om ons in die hemel te bring. Ek sê dus: enige Christus-plus-teologie (Christus plus iets van myself) is niks anders as afgodery nie.

- Ons is ook besig met afgodery as ons dink dat ons sonder Jesus ons huwelik en die verhoudinge in die gesin en in ons samelewing mooi en reg kan kry. Ons pleeg

afgodediens as ons meen dat ons sonder Jesus die sonde kan oorwin en mense kan help om in liefde en vrede en harmonie met mekaar kan laat saamleef.

- Ek het niks teen sielkundiges en huweliksraadgewers en dokters nie, maar as ons dink dat hulle ons kan help sonder Jesus en sonder dat Hy hulle werk seën...dan is ons afgodedienaars wat op menslike vernuf steun en nie op Jesus alleen nie.

Dit is waar: ons het nie meer afgodsbeelde soos die mense van die outyd nie. Ons ken nie meer die Baäls en Astartes nie. Maar dit beteken nie dat ons nie afgode het nie. Teen hierdie tyd, dink ek, begryp u dit al. Want hoeveel male soek ons nie ons lewensgeluk buite Christus en sy diens om nie.

Ek noem vir u nog enkele van die moderne afgode:

1. Daar is *eerstens* die **geldgod**: ter wille van 'n beter inkomste verwaarloos ons die kerk. Ons glo inderdaad wat die spreekwoord sê: goud wat stom is, maak reg wat krom is. Daarom jaag ons na meer en meer, want ons meen dat groter rykdom ons gelukkig sal maak.
2. *Tweedens* vereer ons land die **sportgod**. Want hoeveel mense buig nie Sondag, op die dag van God, voor sy altaar neer nie.
3. *Derdens* is daar **seks**. Vroeër, in die ou Griekeland, was daar 'n god van die liefde. Sy naam was Eros of seksuele liefde. In sy tempel was daar die sogenaamde tempelprostitute. In ons tyd is Eros lewendiger as ooit. Seks en die menslike liggaam word verheerlik. Kyk maar hoe doen ons media dit.
4. Selfs 'n **lewensmaat** kan 'n afgod word. Dit gebeur as ons ter wille van hom of haar na 'n ander kerk toe gaan en ons nie laat lei deur die wil, die Woord van die enigste God nie.

3. Slot.

Wees op u hoede vir die afgode! Dit is geen denkbeeldige gevaar nie, ook nie vir kerkmense nie.

Soek u geluk in Hom wat u vir ewig kan behou. By Hom is egte lewensvreugde en waaragtige rus.

AMEN.